# BELY TEEN DIE BOSE

DIE TWAALF ARTIKELS IN ANTWOORD OP VERTWYFELING

'N DIALOOG



T. JOHNSON

VERTAAL EN VERWERK DEUR

N. PIENAAR

‘n Vertaling van

*Stand up to your Christian Belief:*
*Combat between Satan Tempting & a Christian*
*Triumphing in the Comfort of the Apostles’ Creed,*
*a Poem*
*Thomas Johnson,*
*Minister of the Word,*
*1640*

Vanaf Reformed Books Online se *Open Source*
**ReformedBooksOnline.com**

Voorblad illustrasie deur *channarongsds* op *Freepik*

Vertaal en verwerk deur
**NIKOLAAS PIENAAR (VDM)**

Eerste uitgawe 2023

Uitgegee deur
Scriptura Publikasies © 2023
www.scriptura.co.za

SCRIPTURA
PUBLIKASIES

**Satan:** Arme sondaar, hoekom verlei jy jouself om te dink dat jy geloof en hoop en liefde besit, (1 Kor. 13:13)?
Jou duisternis getuig dat jy geen deel aan die volk van God het nie en dat Hy aan jou geen barmhartigheid bewys nie, (1 Pet. 2:9-10).
Jy is verlore.

**Christen:** Jesus het gesê dat dit net die is wat nie glo nie wat veroordeel word. Die wat tot geloof kom sal gered word. En hierby is ek bowendien ook nog gedoop! (Mark. 16:16).
***Ek glo*** nie net alles wat die Woord my leer nie, maar vertrou boonop dat dit waar is vir my. Ek glo dat God bestaan en dat Hy die wat na Hom soek beloon, (Heb. 11:1, 6).

**Satan:** Jy glo? Ek glo ook dat God bestaan, maar as onheiliges, as sondaars, moet ek en jy voor Hom vergaan! (Jak, 2:19; Rom. 1:18-32; Hab. 1:13)

**Christen:** Jy glo dat God is. Ek glo ***in God,*** *(Hand. 16:31)*.

**Satan:** En tog sê die Skrif dat God nie na sondaars luister nie, alleen na die wat vir Hom ontsag het en doen wat Hy wil (Joh. 9:31).
Daar is geen manier dat jy aan Hom die ontsag wat Hy waardig is toon nie. Eerder as sy wil is dit jou eie wat jy doen.
Jou geloof in God is vals. Hy luister nie na jou nie. Ek en jy is in dieselfde bootjie.

**Christen:** En waarop moet ‘n arme, swakke kind dan vertrou indien nie ***die Vader*** nie, (Luk. 11:13)?

**Satan:** Hoe dit ook al sy, dit is die Vader wat sê: “Die siel wat sondig, moet sterf,” (Eseg. 18:4), en die feit dat jy vermoeid is en so swaar belas getuig van jou groot sondelas, (Matt. 11:28).

**Christen:** En tog deur sy krag wat in my werk is Hy ***magtig*** om oneindig meer te doen as wat ek bid of dink, (Ef. 3:20).

**Satan:** Wat verwag jy meer as dat Hy sy Woord gestand sal doen? Hy beloof aan almal wat onreg pleeg dat daar iets vreeslik met hulle gaan gebeur, (Psalm 14:5).

**Christen:** Aan Hom, ***die*** getroue ***Skepper***, het ek nogtans my lewe en siel toevertrou. (1 Pet. 4:19).

**Satan:** Waarom op Hom vertrou? Kyk net hoe ly jy ellende en pyn en vernedering vanaf jou geboorte, (Jer. 20:18). Vervloek eerder saam met Jeremia die dag van jou geboorte, (Jer. 20:14)!

**Christen:** Die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en dít tot ons beswil sodat ons in sy heiligheid kan deel. (Heb. 12:6, 10). So sien ek in my tugtiging die louterende liefde van God.

**Satan:** Hoor jy dan nie hoe God sê dat Hy begaan is oor sy heilige Naam wat as gevolg van jou optrede gedurigdeur belaster word nie? (Eseg. 36:21, Jes. 52:5; Rom. 2:24). Dis nie tug wat jy beleef nie, dis straf. Daar is geen hoop vir jou nie.

**Christen:** En tog, my troos is ***in Jesus*** (Matt. 1:21). Hy, die enigste Middelaar tussen God en die mense, (1 Tim. 2:5) wat die wat deur Hom tot God gaan volkome verlos omdat Hy altyd leef om vir hulle, vir my, ‘n sondaar, in te tree, (Heb. 7:25).

**Satan:** Jy, wat van jou geboorte af die ene sonde is (Joh. 9:34)! Jy wat elke dag nog daarin voortlewe (Rom. 6:2)! Jy, wie se getrouheid aan die wet nie meer inhou as die van die skrifgeleerdes en die Fariseërs nie. Jy sal, volgens Jesus se eie woorde, nooit in die koninkryk van die

hemel ingaan nie, (Matt. 5:20)!

**Christen:** En tog, hoe meer die sonde geword het, hoe oorvloediger het die genade geword, (Rom. 5:20)! Sien, ***Christus*** was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees, (2 Kor. 5:21).

**Satan:** Waarom beroep jy jou op genade? Die wet maak dit duidelik dat jy verlore is. Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie, (Gal. 3:10).

**Christen:** Juis hiervoor het God ***sy*** eie, ***eniggebore Seun*** getuur, sodat die wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal beërwe, (Rom. 8:3; Joh. 3:16).

**Satan:** Jy bluf jouself. Die Skrif sê self dat die Seun alle opstandige sondaars met sy ysterstaf sal verpletter (Psalm 2:9).

**Christen:** Nee, lees tog die hele Psalm. Dit sê, "Welgeluksalig is almal wat by Hom, ***ons Here***, skuil," (Psalm 2:10-12).

**Satan:** God kan nie lieg nie, (Titus 1:2). Jy kies net verse wat jou pas. In werklikheid is jy in jou sonde dood, ongeag hoe jy – wat daagliks met jou dade Hom verwerp – jouself wysmaak dat jy by Hom skuil.
Nooit as te nimmer kan jy die een wees van wie Jesus sê, "U het my hart gesteel, my susterbruid, u het my hart gesteel met een straal van u oë," nie, (Hoogl. 4:9).
O Ongelowige, aanvaar dit maar eenmaal, daar is niks minlik aan jou vir Christus nie.
Jy is sonder Christus, vervreemd van die burgerskap van Israel, 'n vreemdeling ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld, (Ef. 2:12).

**Christen:** Nee! As mens was Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is (1 Pet. 1:19) ***gebore***, en na sy mensheid het Christus vir ons gesterf toe ons nog sondaars was, (Rom. 5:8). Die Onskuldige het vir die skuldiges gely om ons, om my, na God te bring, (1 Pet. 3:18)!

**Satan:** Belaglik! Hoe kan een mens vir 'n ander se sonde betaal. God sê, "Die siel wat sondig moet sterf," (Eseg. 18:4).

**Christen:** Hy het ons lyding op Hom geneem, óns siektes het Hy gedra (Jes. 53:4); die Here het ons almal se sonde op Hom laat afkom (Jes. 53:6). Ja, Hy het die sondes van baie op Hom geneem en vir oortreders gebid (Jes. 53:12). Boonop is Hy, wat ***ontvang is van die Heilige Gees,*** as Heilige, in staat om te red.

**Satan:** Jy, wat dood is as gevolg van jou sondes en oortredings, wat leef soos die sondige wêreld en vanweë jou sondige natuur niks anders as straf verdien nie, (Ef. 2:1-3)! Jy kan maar van redding vergeet!

**Christen:** En tog, vir my is daar 'n Kind ***gebore***! (Jes. 9:6)

**Satan:** Jy is bevuil van sonde en daar is niks wat jou kan reinig nie.

**Christen:** Nee, die bloed van Jesus***, uit die*** rein ***maagd*** Maria gebore, reinig my van elke sonde, (1 Joh. 1:7).

**Satan:** Voorbarige mens! Hoe durf jy op sy reinheid en onskuld aanspraak maak?

**Christen:** Voorbarig? Nee! Maar saam met ***Maria*** jubel my siel in die Here, (Luk. 1:46-55)!

**Satan:** Jou jubeling is tevergeefs! Sonde bring skeiding tussen

jou en die Here! Dit maak dat Hy Hom nie aan jou sal steur nie, wat nog te sê na jou gebede sal luister, (Jes. 59:2)?

**Christen:** Nee! Hy vereenselwig Homself met my, deur onder sowel sonde as sondaars te ***ly!*** Matt. 26:4).

**Satan:** Die Regverdige onder sonde ***ly***? Jou dwaasheid is besig om my onder te kry... (Jes. 53:8)

**Christen:** Die sonde was myne, die geregtigheid Syne. Sy onskuld is deur ***Pontius Pilatus*** bevestig, (Joh. 19:4).

**Satan:** En tog, omdat jy aanhou kwaad doen, sê die Skrif, is benoudheid en lyding jou lot (Rom. 2:9).

**Christen:** Nee, want om dit te beëindig was Hy ***gekruisig***. In Hom word al my sondes vergewe. (Hand. 2:36; 38)

**Satan:** Vir die sonde van Efraim het God geen jammerte nie. Nee, God self beveel die dood om met peste en plae oor sondaars te kom, (Hos. 13:14).

**Christen:** Die dood is verslind in oorwinning. Toe Christus ***gesterf het,*** het Hy die angel van die dood verwyder, (1 Kor. 15:54-57).

**Satan:** Hoe kan Een wat begrawe is die gawe van die lewe deel?

**Christen:** Daarvoor moet Hy opgewek word, maar let éérs op dié feit: Hy is ***begrawe.*** En so het Hy my vloek wat Hy op Hom geneem het heeltemal voor die aangesig van God verwyder, (Deut. 21:23).

**Satan:** Bah! Jou jammerlike en ellendige staat verklap die feit dat God jou straf omdat jy steeds vir Christus smaad.

**Christen:** Sal ek myself verhef, bo Hom ***wat neergedaal het***? (Filip. 2:7-8)

**Satan:** As Hy, soos jy self erken, neergedaal het na die hel, hoe op dees aarde sal dit nie ook met jou, wat dit verdien, gebeur nie?

**Christen:** Christus het neergedaal (Ef. 4:9), sodat ek nie ***na die hel*** sal neerdaal nie. So het my Here Jesus Christus het my van die hel se benoudheid en pyn verlos (Jes. 53:5).

**Satan:** Hoe is jy verseker dat jy dit nie sal ondergaan nie?

**Christen:** Want Hy het op die derde dag ***opgestaan*** tot my vryspraak, (Rom. 4:25);
en my as krygsgevangene met Hom saamgeneem, (Ef. 4:8);
in sy heerlike triomftog ***uit die dode,*** (Kol 2:15);
waardeur ek nou streef en dink aan die dinge van Bowe, (Kol. 3:1-2);
met Hom, die Lewende, as waarborg van my salige opstanding uit die dood, (1 Kor. 15:20-22).

Na sy opstanding het Hy ***opgevaar,*** (Joh. 3:13-15);
om in die huis van sy Vader, **die hemel**, vir my 'n plek gereed te maak (Joh. 14:2);
vanwaar Hy nou, my Voorspraak by die Vader is (1 Joh. 2:1);
wat altyddeur vir ons wil bid, (Rom. 8:34).

Daar ***sit Hy*** in eer en majesteit ***aan die regterhand van God, die almagtige Vade***r, (Luk. 22:69).
***Vanwaar Hy*** as die eniggebore seun van God (Joh. 3:18) heers en regeer tot in ewigheid, (Ef. 1:20-23)
Dáár maak Hy my versoeke bekend aan die Vader omdat Hy vir altyd leef om vir my in te tree (Heb. 7:25)
Sodat om Sy onthalwe my groot oortredinge na die grootheid van sy barmhartigheid uitgedelg word,

(Psalm 51:3).

**Satan:** As jy hiervan seker is, sondig maar vrylik, met jou Christus in die hemel kan jy maar doen wat jy wil

**Christen:** O nee, Hy sal ***weer kom om die lewendes en die dooies te oordeel***
Hy wag nou dat die ongeregtigheid van die mense sy volle maat bereik (Gen. 15:16). Sien, die mense is besig om deur hul verharding en onbekeerlike hart straf op te gaar vir die oordeelsdag wanneer God sy regverdige oordeel sal uitspreek (Rom. 2:5).
En in 'n vuurvlam wraak sal uitoefen oor almal wat God nie ken nie en die wat die Evangelie van ons Here Jesus nie gehoorsaam nie. (2 Tess. 1:8).

**Satan:** O! Maar dan sal jy verseker verdoem wees, vir jou bly daar niks anders as om te vrees nie!

**Christen:** O Satan dit verwerp ek, want ***ek glo*** en sal daarom nie veroordeel word nie (Joh. 3:18).
En sien, tot die wederkoms is ek getroos, dat ek dieselfde Persoon as Regter uit die hemel verwag (Filip. 3:20) wat Homself in my plek voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem het, (Gal. 3:13).

**Satan:** En in wie is dit wat jy gelowig jou vertroue so vestig?

**Christen:** Ek glo in die Vader, die Seun en ***in die Heilige Gees***, wat nooit sy ***heilige algemene kerk*** sal begewe of verlaat maar ewig met haar sal wees (Matt. 28:20, Heb. 13:5; Joh. 17:24);
En die gemeenskap met Hom, waarin Jesus my deur sy Gees met die Vader verenig (Ef. 2:18) en my met sy oorvloedige liefde, genade en gemeenskap oorweldig, (2 Kor. 13:13).
Hy verenig my ook in die ***gemeenskap van die heiliges***

(Ef. 2:19).
As skaap is ek veilig saam met die kudde waaroor Hy, die Goeie Herder, waak, Joh. 10:10:1-18).
In besonder is ek veilig omdat Hy wat hulle help nie moeg of afgemat word nie, maar vir die vermoeides oneindige arendskrag gee, (Jes. 40:28-31);
en Hy bewaar sy gemeente om in 'n eenheid van liefde, geloof en hoop om as een liggaam saam te lewe. (Ef. 4:2-6)

**Satan:** Jy het afgewyk, jy is ontaard (Rom. 3:12) Wat wil jy nog op jou geloof steun?

**Christen:** Dit is nie my geloof waarop ek steun nie, asof die geloof my regverdig maak nie, geloof is slegs die middel waardeur ek Christus, wat my Geregtigheid is omhels.
In my is die sonde, in God **die vergifnis** (Luk. 7:42)
God skenk deur Jesus aan Israel bekering en vergifnis **van sondes** (Han. 5:31).
Hy sal my onder sy beskerming neem.
Op die laaste dag sal die wat in Christus gesterf het ***uit die dood opstaan*** (1 Tess. 4:16) vanuit hierdie ellendige doodsbestaan, (Rom. 7:24) en ons sal saam met Christus verheerlik word (Rom. 8:17).
En, vrygemaak van die sonde en in diens van God gestel, begin nou ek nou reeds om ***die ewige lewe*** (Rom. 6:22) in hierdie lewe te lewe.

O Here, vermeerder U my geloof (Mark. 2:4-5; 9:24), en skenk my meer van u genade
Dat ek eendag u van aangesig tot aangesig sal aanskou (1 Kor. 13:12).
***Amen.***

## *Gelowige*

Neem die skild van die geloof in jou hand om die brandpyle van die Satan te weer, (Ef. 6:16-17);
En neem die Woord. Staan daarmee die duiwel teë, en hy sal van jou wegvlug (Jak. 4:7).

Span dan al jou kragte in (1 Tim. 6:12) en staan soos ‘n soldaat op jou pos, gereed (2 Tim. 2:4), en weerstaan die duiwel, (Jak. 4:7-8).
En die God wat vrede gee sal die Satan spoedig onder julle voete verpletter (Rom. 16:20).
Die Here self sal jou uit beproewing red (2 Pet. 2:9).
In sy getrouheid sal Hy nie toelaat dat jy bo jou kragte versoek word nie en ook sal Hy die uitkoms gee sodat jy dit kan weerstaan (1 Kor. 10:13).
Dieselfde genade wat jou tot hierdie stryd roep verseker jou oorwinning en maak jou meer as ‘n oorwinnaar deur Hom wat vir jou liefhet (Rom. 8:37).

SCRIPTURA PUBLIKASIES

DIE HELE SKRIF IS DEUR GOD GE-ASEM

1 TIM 3: 16,17